

Handelinge 6

1. Bedieningskrisis in die jong Kerk! Handelinge 6:1-6

Die jong Christelike kerk se aard en werksaamheid was anders as wat die kerk tot op daardie stadium se aard en optrede tussen die lidmate was. Tot nou toe was die uiterlike vorm waarin die Kerk van die Here op die aarde bestaan het, een enkele uitverkore volk - die Jode.

- Dit is inderdaad so dat daar mense bygekom het uit ander volke en tale, bv.:
 - Die klomp Egiptenare wat saam met die Israeliete uit Egipte weg is na Kanaän toe.

Daar was geen woord van alles wat Moses beveel het, wat Josuanie voorgelees het voor die hele vergadering van Israel, met die vroue en die kinders en die vreemdeling wat onder hulle saamgetrek het nie. (Josua 8:35 AFR53)

- Josef se nasate – wat half Egipties was.
- Moses se nasate wat half Midianities was en half Kusities was.
- Daarby was daar voortdurend mense wat uit die heidendom aangesluit het deur proselitering, byvoorbeeld Doëg die Edomiet.

Maar daar was 'n man uit die dienaars van Saul wat dieselfde dag opgesluit was voor die aangesig van die HERE, en sy naam was Doëg, die Edomiet, die opsigter oor die veewagters van Saul. (1 Samuel 21:7 AFR53)

...sê Dawid vir Abjatar: Ek het daardie dag toe Doëg, die Edomiet, daar was, geweet dat hy dit sekerlik aan Saul sou vertel. Ek is die oorsaak van die dood van al die lede van u familie. (1 Samuel 22:22 AFR53)

Die uitstorting van die Heilige Gees is in 'n sekere sin die teëpool van Genesis 11.

- Die verwarring van die mense se taal by die bou van die toring van Babel het juis die ontstaan van volke as die gevolg daarvan.
- Met die uitstorting van die Heilige Gees word die gelowiges uit die verskillende volke weer saamgetrek in die een kerk van die Here Jesus Christus.

Maar dit het ook sy probleme gehad! Die Satan laat geen enkele steen onaangeroer as hy kan moeilikheid maak nie.

Vers 1

En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmuring ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. (Handelinge 6:1 AFR53)

Die Christelike kerk het vinnig gegroei. Aanvanklik het die apostels al die ampswerk self gedoen.

- Die apostels het so goed hulle kon, aandag gegee aan die armes, maar as gevolg van hulle werkslading kon hulle nie by almal uitkom nie - en die Griekse weduwees is toe afgeskeep in die daaglikse versorging.
- Dadelik het dit aanleiding gegee tot opstandigheid van die twee taalgroepe in die gemeente: Die Grieke het gevoel die dinge is nie reg nie, want die Hebreërs word versorg, maar nie hulle weduwees nie.

Die stukkie inligting tref hard! Tot nou toe het Lukas geskryf dat dit intern goed gaan met die kerk.

- Daar was wel die ongerymdheid met Ananias en Saffira, maar die gemeente sou dit nie eers geweet het as die Here dit nie geopenbaar het nie.
- Al die aanvalle het tot sover van buite gekom.

Die indruk was dat die binnekant van die gemeente kerngesond was.

- Almal was een van geloof.

En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. (Handelinge 4:32 AFR53)

- Almal van hulle het hulle besittings met mekaar gedeel en niemand het enige nood beleef nie.

En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. (Handelinge 4:35 AFR53)

- Die indruk is dat die kerk se lidmate in die gesondste harmonie met mekaar saamgeleef en saamgebied het.

Daarom is hierdie mededeling so 'n swaar stuk wanklank:

- In die kerk was daar dwarstrekke omdat die liefdesbetoning eensydig geraak het!
- Die Griekse weduwees is afgeskeep met daaglikse versorging!
- Dadelik is daar 'n gemor en tweespalt - en die duiwel kry lekker!

Die armes is op twee verskillende maniere versorg.

- Van die geld wat aan die voete van die apostels neergelê is, is aan die armes uitgedeel om aan bepaalde behoeftes te voorsien. (Handelinge 4:37).
- Maar daarby was daar ook die versorging met natuurlike gawes. ***Dit is die daaglikse bediening genoem***

Dit was 'n eenvoudige ritueel: Die rykes het in hulle huise (waarskynlik op die beurt af – of soos gereël) Liefdesmaaltye aangebied.

- Dit beteken maar net dat daar genoeg kos gemaak is en die tafel gedek is.
- Dan het hulle die armes in die gemeente uitgenooi om daar te kom eet.
- Gewoonlik het die armes dan 'n bietjie kos gekry wat hulle kon saamneem na hulle eie huise toe.

Daar was blykbaar onder die mense (soos dit al die eeue tussen mense is?) 'n effense wrywing tussen die verskillende bevolkingsgroepe.

- Die weduwees van die Jode is meer uitgenooi en het meer lewensmiddele gekry by die rykes (Jode!) as wat die heidense weduwees gekry het.
- Al die weduwees uit heidense wêreld het ***Grieks*** as taal gehad - terwyl die Jode hulle eie taal, ***Hebreeus***, gepraat het.

Oor die tafelbediening aan die weduwees het daar in die gemeente 'n geskil ontstaan.

- Die weduwees wat Grieks gepraat het, het gedink dat hulle minder voorregte by die gemeente (die rykes?) gekry het as die Joodse weduwees.
- Dit wat eers versigtige ontevredenheid in hulle gemoedere was, het toe uitgebars in 'n ongesluisde verontwaardiging dat hulle onregverdig behandel word.

Vrae:

- *Was hulle klagtes gegrond? Of wou hulle maanet meer opeis omdat hulle emosies hulle verontreglaat voel het?*
- *Was daar (toe al) verdeeldheid op grond van rasseverskille?*

Die Bybel antwoord nie een van die twee vrae nie. Skrifverklaarders het wyd uiteenlopende verklarings hieroor. Al wat ons weet, is dat die Here die geleentheid/toestand gebruik om die dienswerk in die gemeente uit te brei.

Vers 2.

En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroepen gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om

die tafelste bediennie. (Handelinge 6:2 AFR53)

Die gebeurtenis was baie gevaarlik, want sulke verdeeldheid in die kerk, het dadelik die eer van God en die wese van sy koninkryk aangetas. Rassehaat oorheers maklik die eenheid en die liefde wat daar in die Here Jesus Christus is.

Die oplossing word gesoek en gevind in 'n gemeentevergadering waar die probleem bespreek word.

- Die fout was nie net in die hart van die weduwees nie.
- Dit was ook in die organisasie van die kerk.

Die apostels het die Woordverkondiging behartig, maar die organisasie om die res van die gemeente te organiseer en leiding te gee in die praktiese en sosiale lewe het ontbreek.

Die feit dat die gelowiges almal saamgeroep is in 'n gemeentevergadering, bewys dat die leiers hulle nie as 'n aparte of hoër groep in die kerk gesien het nie.

- Toegepas: Die dominee, ouderlinge en diakens is nie meer of iets anders as die gemeente nie!
- Al is hulle die gevolmagdigdes wat aangestel is oor die gemeente, raadpleeg hulle die gemeente in belangrike sake.
 - *Waarom?* Omdat die Heilige Gees die gemeente tot selfstandigheid lei!

Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weerte vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! (Romeine 8:15 AFR53)

- Hierdie kinders word deur die Gees van hulle Vader gelei dat hulle 'n koninklike priesterdom kan wees.
- Die kerk van die Here kan en mag nie demokraties of outokraties regeer word nie. God alleen regeer en gee die opdragte en stel die eise. Die kerk word dus Teokraties regeer!

En Jesus het nader gekomen met hulle gesprekke gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemelen op aarde. (Matteus 28:18 AFR53)

Omdat die Woordbediening so uiters belangrik is, was die uitkoms van die vergadering die volgende:

- Die apostels dit moet aanhou om te preek en die Woord te bedien. Daarmee staan of val die kerk. Dit is inderdaad wat die Here Jesus hulle beveel het om te doen.
- Daar moet net meer/ander mense gekies word wat die tafelbediening kan behartig.

Vers 3, 4

Kyk dan uit, broeders, na sewemanne uit julle, van goeie getuie is, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebede die bediening van die woord. (Handelinge 6:3-4 AFR53)

Is daar iets soos 'n *commonjoppie* in die kerk van die Here? Byvoorbeeld iets soos om te kyk dat daar aan die verskillende bevolkingsgroepe se weduwees ewe veel aandag en ewe veel lewensmiddele gegee word.

Die antwoord is: Nee!

- Elke taak in die Kerk van die Here is belangrik en word deur God die Heilige Gees bestuur.
 - Hy bepaal die nodige orde.
 - Hy gee die nodige wysheid.
- Hulle moet manne uitsoek wat **vol van die Heilige Gees en wysheid** is. Dit is dus 'n baie duidelike voorvereiste en kwalifikasie.
- Manne wat hieraan voldoen, sal geskik wees dat hulle hulle **oor hierdie nodige saak kan aanstel**

Die apostels het voorgestel dat hulle **sewemann** moet kies.

Waarom sewe? Ons weet nie.

- Miskien het die getal 'n simboliese betekenis wat ons nog nie mooi kon agterkom wat dit is nie
- Miskien het hulle prakties sewe bedieningspunte gehad waar daar toesig nodig was.
- Dalk was die bedoeling dat daar een persoon elke dag van die week moes toesig hou?
- Die feit is: Ons weet glad nie.

Die merkwaardige van die verkiesing lê nie in die getal nie, maar in die feit dat die gemeente self die manne moes verkies onder die leiding van die Heilige Gees.

Die beginsel is dus:

- *Die gemeente moet die mense aanwys wat in die diens moet staan.*
- *Die gemeente moet dit biddend doen onder die leiding van God die Heilige Gees.*
- *Hier staan letterlik dat hulle moet kyk, speurwerk doen, ondersoek, uitvind wie is die bekwaam wat moet leiding neem en toesig hou*

Wie moet hulle kies?

Die Here gee duidelike voorskrifte:

- Hulle moet goeie getuienis hê.
- Hulle moet vol wees van die Heilige Gees.
- Hulle moet wysheid hê.

Daar is 'n verskil tussen **wysheid** *slim wees!*

- Die een grond in God en die ander een in homself.
- Die een wat wysheid het, onderwerp hom totaal aan die leiding en die insigte van God die Heilige Gees.

Vers 5

En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánon en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochië, (Handelinge 6:5 AFR53)

Bybel openbaar niks van 'n bespreking van die apostels se voorstel nie. Dit het blykbaar by almal byval gevind.

En die woord het byval gevind by die hele menigte;

Vraag: *Het die apostels ook gekies (gestem)?*

Daar is Skrifverklaarders wat beweer dat die apostels nie aan die verkiesing deelgeneem het nie. Hierin sou die selfstandigheid van die gemeente dan juis na vore gekom het - hulle en die Heilige Gees verkies selfstandig die manne wat in die gemeente die werk van die Here moet doen.

NB: In die verkiesing van die manne wat aan die weduwees moes aandag gee, is daar natuurlik ook versoening bewerk tussen die twee stelle ontevredenes.

Van die sewe wat verkies is, is daar twee bekendes.

- Die een is Stephanus - hy was die eerste martelaar.
- Die ander een is Filippus - Ons lees van hom in Handelinge 8.

Toesê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa. En Filippus het daarheen gehardloopen om die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees? En hy antwoord: Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie? Toe vra hy Filippus om op te klim en by hom te kom sit. En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: Soos 'n skaapis Hy gelei om geslagte word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so

maakHy sy mondnie oopnie. In sy vernederingis sy oordeelweggeneem, en wie sal sy geslag beskrywe? Want sy lewe word van die aarde weggeneem. En die hofdienaar antwoorde sê vir Filippus: Ek bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders? En Filippus het sy mond geopenen van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig. En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoopte word? Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoorde sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. (Handelinge 8:29-38 AFR53)

Wat opvallend is, is dat die sewe manne wat verkies is, almal Griekse name gehad het.

- Die belang hiervan is dat die vroeë Kerk haar nie aan volkeverskille gesteur het nie, want die gemeente was oorwegend Palestyns Joods, maar kies al die diakens met heidense (Griekse heidendom) agtergrond

Vers 6

wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebiden hulle die hande opgelê. (Handelinge 6:6 AFR53)

Die stuk kokende ellende in die Kerk word afgesluit met die bevestiging van die manne.

- In die Naam van die Here Jesus word die manne voor die apostels gestel.
- Dit beteken dat dit tydens 'n erediens gebeur het
- Die verkiesing deur die gemeente word dus afgerond wanneer die gekiesdes hulle teenoor die Here moet verantwoord oor hoe hulle die pad vorentoe gaan - wat gaan hulle met hulle roeping maak?

Tydens die bevestiging het die apostels hulle hande op die manne wat bevestig word, gelê.

- Dis 'n simboliese handeling dat die Gees van die Here wat in die apostels is (die wat bevestig) oorvloeï in die wat bevestig word.

Toesê die HERE aan Moses: Neem vir jou Josua, die seun van Nun, 'n man in wie die Gees is; en lê hom die hand op, en stel hom voor die priester Eleásar en voor die hele vergadering, en gee hom 'n opdrag voor hulle oë; en lê op hom van jou hoogheid, sodat die hele vergadering van die kinders van Israel na hom kan luister. En hy moet voor die priester Eleásar staan, dat dié vir hom die beslissing van die Urim kan vra voor die aangesig van die HERE; volgens sy uitspraak moet hulle uittrek en volgens sy uitspraak moet hulle intrek, hy en al die kinders van Israel saam met hom en die hele vergadering. (Numeri 27:18-21 AFR53)

Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 8:17 AFR53)

2. Die eerste martelaar! Handelinge 6:7-15

Vers 7

En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof (Handelinge 6:7 AFR53)

Die veldslae in die lewe van die kerk verloop ietwat anders as die veldslae/oorloë wat tussen mense/volke gevoer word.

- In enige oorlog kom twee volke swakker anderkant uit – al is een die oorwinnaar.
- Al twee verloor altyd belangrike ondersteunende bronne.

Maar met die kerk is dit anders:

- Die lidmate van die kerk wen altyd aan die ewige lewe.
- Wanneer (tyd/geleentheid) en hoe (aanvalle/moord/vervolging/onderdrukking) die antichris die kerk van die Here aanval, gaan nie 'n verskil aan die eindproduk maak nie.
 - Die kerk van die Here kom altyd suiwerder en ryker anderkant uit.
 - Die kerk kry die ewige lewe by Hom wat hulle van ewigheid af liefgehad het.

Wiesal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige of hoogte of diepte of enige anderskepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. (Romeine 8:35-39 AFR53)

Die stelling dat die Kerk innerlik groei as sy onder spanning en vervolging kom, word duidelik gemaak deur alles wat die Kerk tot in daardie stadium oorgekom het en hoe die Kerk daarop gereageer het!

- Na die eerste konflik met die Sanhedrin sou mens verwag dat daar 'n demper op die aktiwiteite en die groei van die kerk sou wees.
 - Ons lees in Handeling 4:31 egter die volgende:

En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek. (Handeling 4:31 AFR53)

- Daarna gebeur die ding van Ananias en Saffira. Dis was 'n aanval waarin die antichris die leuen gebruik het.
 - Ons leer die uitkoms van die saak in Handeling 5:11, 13:

En 'n groot vrees het oor die hele gemeente gekomen oor almal wat dit gehoor het. (Handeling 5:11 AFR53)

En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. (Handeling 5:13 AFR53)

- Daarna was dit die tronk-episode. Hoe sou die uitkoms wees? Die antwoord is in Handeling 5:41, 44:

Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneerte ly. En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempelen van huis tot huis te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is. (Handeling 5:41-42 AFR53)

- Die Satan is 'n nimmereinder. Hy is te sondig om op te hou om God se eiendom te breek.. Dis waarom daar twis tussen die Griekse en Hebreeuse weduwees was.
 - Hieruit het die Kerk ook sterker gekom, want die dienste in die Kerk het as gevolg daarvan in plek gekom. Die masjinerie van die Kerk het in beweging gekom!

Die effek hiervan is onmiddellik sigbaar:

- Die woord van God het toegeneem – met ander woorde die verlossing deur die Here Jesus is nog meer verkondig en het al wyer inslag gevind.
- Die gevolg is fisies daarin sigbaar dat die getal van die lidmate (dissipels) in Jerusalem baie vermeerder. Die Kerk brei dus uit!
- Die Here se Gees gaan haal sy kinders uit alle lae van die volk. Dit is nie net die mense op die straat wat tot bekering kom nie. 'n Groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof (Handeling 6:7 AFR53). Uit die groep kerkleiers kom daar ook heelwat mense tot bekering!

So laat die Here deur sy Gees se werking 'n sigbare openbaring kom van wie almal sy eiendom is!

Die woord van God het toegeneem beteken dat daar uit die Woord van God self krag uitgegaan het om meer mense tot bekering te laat kom.

- Dis waar dat mense die Woord moet versprei en dat hulle moet preek en evangelisasiewerk doen.
- Maar die inwendige groei gebeur deur God se eie handewerk.

Vraag

Was daar met die gebeurtenis breedte groei of diepte groei in die Kerk van die Here? Of dalk al twee?

Let op dat daar spesiaal gesê word op watter plek die evangelie so sterk uitgebrei het: Jerusalem.

- Paulus en Lukas wou uiteindelik in Rome wees om die evangelie daar te gaan verkondig.
- Die openbaring van die Here vertel dus dat die evangelie in Jerusalem wyd en diep gevestig het.
- Dit was die gemeente waarvandaan die sendingwerk bedryf is wat reg oor die destydse wêreld sou gaan.

Die vers onderstreep dit ook hoe magtig die Here werk met sy Gees. Hy beheer en bekeer alle soorte mense:

- Die armes (mense uit Nasaret!).
- Maar ook mense wat ryk en vooraanstaandes is in die samelewing – soos Saggeüs en Nikodemus.
- Maar daar is ook ander! Juis die wat die heftigste teen die evangelie van verlossing deur die Here Jesus was – die priesters – word deur die kragtige werking van God die Heilige Gees bekeer.

En terwyl hulle besig was om met die volk te spreek, het die priesters en die hoofman van die tempelen die Sadduseërs op hulle afgekom, (Handelinge 4:1 AFR53)

En die hoëpriester het opgestaan en almal wat saam met hom was – dit is die party van die Sadduseërs – en hulle was met nydigheid vervul, (Handelinge 5:17 AFR53)

... 'n groot menigte van priesters het gehoorsaamgeword aan die geloof

Skokkend! Mens sou verwag dat die kerkleiers juis gehoorsaam is!

- Nee, hulle is ook nie sonder sondes nie – daarom moet hulle gehoorsaam word.
- Dit beteken dat God hulle gehoorsaam maak.
- Die Heilige Gees laat hulle tot bekering kom!
- Dit bewys dat die Here se Woord baie kragtiger is as die verharding van ons mense se sondes!

Vers 8

En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. (Handelinge 6:8 AFR53)

Stéfanus beteken letterlik: ***lourierkrans***.

'n Lourierkrans was die simbool van oorwinning.

- Die Olimpiese Spele was in dié tyd al jare lank bekend.
- Elke atleet wat in 'n bepaalde item gewen het, het 'n lourierkrans gekry.
- Die lourierkrans was die eerste prys vir die wenner!

Hy het die prys vir sy geloof gekry – in sy naam. Hy word die eerste Christenmartelaar.

- Hy word deur die Heilige Gees beskryf as 'n man wat vol is van die Heilige Gees.
- Weer beskryf die Here hom as 'n man vol van geloof en van krag!
 - Hierdie beskrywing teken hom as 'n mens wat versier was met die genadegawes wat op Pinkster uitgestort is.
 - Omdat hy so nou met die Here saamgeleef het, was hy vol van krag – sodat hy groot wonders en tekens onder die volk gedoen het.
 - Watse tekens en watse soort wonders? Ons weet nie. Dit is nie belangrik om te weet wat hy alles gedoen het nie. Dis belangrik om te weet dat sy geloof so sterk was dat hy dit kon doen.

Letterlik staan daar nie in die grondteks dat hy vol geloof was nie. Daar staan dat hy vol genade (χαρις) was.

Let op hoe laat die Here ons hierdie geloofsheld onthou:

- Die Here noem niks van sy familie of sy werk/beroep of van sy gesin nie.
- Was hy ryk of geleerd? Die Here lewer niks daarvan oor nie.
- Daar is niks wat enige verwaandheid kan impliseer nie.

Vers 9

En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cireneërs en Alexandryne, en van die mense van Cilicië en Asië, en hulle het met Stéfanus geredetwis. (Handelinge 6:9 AFR53)

Daar kom die moeilikheid vir die Kerk toe weer in die blom!

- Let op: Nie van buite af nie! Van die binnekant van die kerkmure af!
- Verder ook dat die opstand teen die Here die atmosfeer van revolusie suggereer.

Die duiwel kan nou maar net nie hierdie damp van ellendes ontgroei nie. Soos wat hy aan die begin was, so sal hy wees tot in alle ewigheid. Sy aanvalle op die gelowiges loop soos 'n refrein deur die openbaringsgeskiedenis:

- Eerste in die Paradys:

Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? (Genesis 3:1 AFR53)

'n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom. (3:2) **o Here, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op. (3:3) Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela.** (Psalms 3:1-2 AFR53)

En sommige het opgestaan en val teen Hom (Jesus) getuigen gesê: (Markus 14:57 AFR53)

En die hoëpriester het opgestaan en almal wat saam met hom was – dit is die party van die Sadduseërs – en hulle was met nydigheid vervul, (Handelinge 5:17 AFR53)

Die mag agter elke opstand teen die Here en sy Kerk is altyd dieselfde – want die dryfveer is dieselfde!

Na die Ballingskap is daar in elke klein dorpie 'n sinagoge gebou. **Sinagoge** beteken letterlik: **samekoms**. Met ander woorde: **saamkomplek**. (Dit is inderdaad snaaks dat die Jode die gebou 'n Griekse naam gegee het!)

Dit was in die Here Jesus se tyd nog so dat elke klein plekkie sy eie sinagoge gehad het.

- Die sinagoge was 'n gebou waar almal saamgekom het.
- Hulle het om verskillende redes daar saamgekom – onder andere om te aanbid.

By so 'n sinagoge was daar 'n **hoofman** (*episkopos*) wat met 'n personeel van **oudstes/ouderlinge** (*presbytero*) en **dienaars** (*diakono*) die plek bestuur het.

- Hierdie personeel het dan gesorg dat die volk op die Sabbat daar saamgekom het om die Wet en die Profete te lees.
- Verder het hierdie mense ook gesorg dat daar allerhande studie (navorsing?) gedoen is oor die Wetboeke van die Here.
 - Hulle het ook allerhande seremoniële en morele wette opgestel wat die volk moes nakom.
 - Die bedoeling was dat die volk nie die Wet sou oortree het as hulle die fyner wette en reëls wat in die sinagoge opgestel was, onderhou het nie.

Die bestuur van die sinagoge se taak was soos volg:

- Hulle het baie streng toesig gehou oor die leer en die lewe van die volk.
- Hulle het hulleself as die korps van geleerdheid beskou – die gesagsliggaam na wie die volk moes opsien.
- Hulle het regsinnigheid gehandhaaf deur die tug en die ban oor die volk uit te oefen.

Die Joodse Talmud beweer dat daar in die tyd van die apostels 480 sinagoges in Jerusalem was!

Lukas meld dat daar vyf Griekse (Hellenistiese) sinagoges was:

- Die sinagoge van die **Libertyne**

Die sinagoge is waarskynlik so genoem omdat die Jode wat vroeër slawe was, maar wat deur keiser Tiberius vrygestel is, daar saamgekom het. (Moontlik moes dit Libië gewees het? Want twee van die ander name is dié van plekke in Noord-Afrika.)

- Die sinagoge van die **Cirenéërs**

Dit was dus 'n saamkomplek van mense uit Noord-Afrika wat van Cirene af gekom het (Was Simon wat die kruis gedra het, een van hulle?).

- Die sinagoge van die **Alexandryne**

Dit was mense wat van Alexandrië in Noord-Afrika af saamgekom het.

- Die sinagoge van die mense van **Cilicië**

Hier het waarskynlik 'n groep Asiate saamgekom.

- NB: Hulle kom van dieselfde land as die apostel Paulus.
- Die sinagoge van die mense uit **Asië**

Ons weet uit die Romeine se geskrifte dat hulle die plek Asia proconsularis genoem het. Die plekke Mysië/**Misië** en Lydië/**Lidië** en **Karië** was ingesluit in die gebied.

Saamgevat: Hierdie sinagoges het die (teologies) wetenskaplike élite van die Jodedom verteenwoordig. Hierdie groep het die volgende verteenwoordig en verkondig:

- Die Rabbyne geleerdheid
- Asook die wysere van daardie tyd se standpunte
- En die estetiese vorming deur die Romeinse kultuur

Hierdie groepe het mekaar baie venynig behandel en dikwels geweldig baklei oor hulle standpunte. Maar teenoor die Here Jesus het hulle saamgestaan en vriende geword – soos Herodes en Pilatus!

En Pilatus en Herodes het op daardie dag goeie vriende geword, want hulle was vantevorein vyandskap teenoormekaar.
(Lukas 23:12 AFR53)

Teen dié agtergrond is dit verstaanbaar dat dit hierdie groep was wat Stefanus aangevat het oor sy geloof en sy prediking.

Die woord wat ons vertaal met **twis**, beteken inderdaad **saam soek/saam naspour**.

Die bedoeling van die woord is dat mense oor 'n saak debatteer totdat hulle by die waarheid uitkom.

In die praktyk het hierdie debatvoering in die openbaar gebeur.

- Die mense het dan rondom die verhoog gestaan en luister.
- Die redenaar wat die meeste applous gekry het, was dan die oorwinnaar.

Vers 10

Maar hulle kon die wysheid van die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie. (Handelinge 6:10 AFR53)

Dis duidelik dat die argumenteerders hulle vasgeloop het teen Stefanus.

Uit die gebeurtenis kom ons agter dat die Here Jesus aan die werk is, en dat Hy sy belofte aan die apostels nakom.

Want Ek sal aan julle woorde wysheid gee wat al julle teëstanders nie sal kan teëspreek of weerstaan nie. (Lukas 21:15 AFR53)

Dood kon nog nooit teen lewe die mas opkom nie. Dit gebeur ook hier.

- Die redenaars van die verskillende sinagoges redeneer met geskoolde filosofieë – soos wat hulle by die Rabbynse skool en die Griekse filosofie geleer het.
- Stefanus redeneer met die wysheid wat deur die Lewende God – die Heilige Gees – aan hom voorgesê word.

Dink aan die verleentheid van die groepie uit die vyf sinagoges. Hulle almal saam kan nie veg teen die lewendmakende Gees nie.

Want ons kan niks doen teen die waarheid nie, maar wel vir die waarheid. (2 Korintiërs 13:8 AFR53)

Vers 11

Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God. (Handelinge 6:11 AFR53)

Waarheen loop die gebeurtenis?

Die sinagogespannetjie het begin opkook in woede.

- Toe hulle nie met die waarheid iewers kon kom nie, val hulle terug op die styl van die duiwel – oneerlikheid.
- Die duiwel was nog nooit daarvoor bekend dat hy of sy trawante met die waarheid 'n blywende verbond gesluit het nie.

Die sinagogiete huur dus mense om te lieg. Die rede? Hulle moet die openbare opinie geswaai kry sodat dit in hulle guns kan kom!

- Hulle verdedig dus hulle dwaalleer met leuens en geweld!

Die verloop van die saak is duidelik:

- As hulle Stefanus sou aankla, sou die publiek hulle van wraak kon beskuldig – want hulle was in die openbaar die verloorders.
- Daarom voer hulle nuwe getuies in.
- Hierdie nuwe getuies beweer dat hulle hierdie groot redenaar gehoor het waar hy lasterlike dinge teen Moses en teen God gesê het.

Die naam **Moses** was vir die Jode 'n baie belangrike naam.

- Hulle het hierdie naam feitlik meer as enige ander naam (behalwe die Here se Name) gerespekteer.
- Moses was die vader van hulle vaderland. Hy is die man aan wie hulle hulle bestaan te danke gehad het.
- Daarom het die valse beskuldigings dat Stefanus teen Moses gelaster het, die volk se opinie dadelik omgeswaai.

Vers 12

En hulle het die volke die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en hulle afgekom en hulle gegryp en hulle voor die Raad gebring. (Handelinge 6:12 AFR53)

Die feit is dat die Joodse Raad die laaste paar dae heeltemal magteloos gestaan en toekyk het hoe die Christendom groei.

- Hulle kon niks aan die apostels doen nie, want die volk was aan hulle kant.

Daarop gaan die hoofman met die dienaars en bring hulle, maar nie met geweld nie, uit vrees vir die volk dat hulle

gestenig sou word. (Handelinge 5:26 AFR53)

Nou is daar meteens 'n wending wat baie belangrik is!

- Die volk is teen een van die kragtigste predikers – Stefanus!
- Die satan is maar altyd 'n lafaard. Hy glo (anders as die Here!) dat daar krag en gesag lê in getalle!
- Daarom mobiliseer hy elke moontlike persoon waartoe hy in staat is:
 - Die volk,
 - die ouderlinge,
 - die skrifgeleerdes, en
 - die Joodse Raad.

Hoe stabiel is die kerkvolk?

Dit lyk nie asof kerkmense werklik stabiel is nie, want

- dieselfde klomp mense wat met die Here Jesus se intog geskreeu het: Hosanna!
- het saam geskreeu: Kruisig Hom!
- Hulle was dié wat so erg was oor die apostels dat die owerhede te bang was om iets aan die apostels te doen, maar hulle is ook dieselfde mense wat nou deur die gehuurde leuenaars omgeswaai is in hulle opinie van Stefanus!

Niemand uit die skare het een hand uitgesteek om Stefanus te help nie!

Al sy goeie werke word tot niet gemaak deur die leuen dat hy 'n misdaad teen Moses gepleeg het.

Vers 13

En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dingete praat teen hierdie heilige pleken die wet nie. (Handelinge 6:13 AFR53)

Die Sanhedrin is weer in sitting. Dink net wat het al alles in daardie vergadersaal gebeur!:

- Dit is presies die plek waar die Here Jesus gestaan het.
- Die apostels het almal daar gestaan.
- Nou staan daar 'n proseliet (bekeerling) van die Christelike kerk.

Hoe het die Sanhedrin Stefanus gesien?

- Hulle het hom gesien as iemand wat uit die sinagogale kring uit oorgegaan het na die sekte toe wat 'n Man met die Naam Jesus as Verlosser en God aanbid het.
- Die man is nie 'n ongeleerde Galileër nie.
 - Hy is 'n beskaafde Griek.
 - Hy is iemand wat intellektueel onderrig is in die Joodse wette en kultuur.

Daarom beplan hulle die saak dié keer met akademiese presiesheid.

- So 'n sterk man kan nie aangepak raak sonder om die Rabbynse wette tot in die fynste toe te pas nie.
- Daarom pak hulle die saak anders aan as wat hulle teen die apostels gedoen het.
- Die Rabbynse wet het vereis dat daar minstens twee getuies moet wees – dan kan hulle volgens die wet 'n beslissing maak.

Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie. Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei. (Deuteronomium 17:6-7 AFR53)

Een getuie mag nie teen iemand optree insake enigmisdaad of enig sonde, by enig misstap wat hy begaannee; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees. (Deuteronomium 19:15)

AFR53)

maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. (Matteus 18:16 AFR53)

Dit is die derde keer dat ek na julle toe kom. In die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan. (2 Korintiërs 13:1 AFR53)

Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuie van twee of drie. (1 Timoteus 5:19 AFR53)

As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuie van twee of drie; (Hebreërs 10:28 AFR53)

Die probleem is heeltemal hanteerbaar, want die getuies hoef nie die waarheid te praat nie! Hulle moet net getuig! Daarom stel hulle getuies aan!

- Net soos met die verhoor van die Here Jesus word professionele leuenaars gehuur (– en betaal!) om teen Stefanus te getuig.
- Belangrik is die stygende lyn:
 - **Dié man hou nie op** (met ander woorde verharding word gekonstateer)
 - **om lasterlike dinge te praat**
 - **teen hierdie heilige plekke die wet nie.**

Leuens verskil altyd as dit oorvertel word. Daarom is dit belangrik om te let op die verskil tussen vers 11 en vers 13:

Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God. (Handelinge 6:11 AFR53)

En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie heilige plekke die wet nie. (Handelinge 6:13 AFR53)

Vers11

Toe het hulle manne opgestook
Ons het hom lasterlike dinge hoor
praat
teen Moses en God

Vers13

En hulle het valse getuies laat optree
Dié man hou nie op om lasterlike dinge te
praat
teen hierdie heilige plekke en die wet nie

Eers was die klag redelik algemeen:

- Ons het die man gehoor waar hy lasterlike dinge praat.

Nou word dit:

- Hy hou nie op om lasterlike dinge te sê nie.

Die inhoud van die klag was aanvanklik ook redelik wyd:

- Teen Moses en teen God
- Belangrik is die volgorde:
 - Eers word Moses genoem.
 - Die menslike en die eie belang kom dus eerste.
 - Eie politiek en kultuur staan voorop.
 - Tweede word God genoem.

- Hoe dikwels gebeur dit nie dat die saak en die eer van die Here nie maar net gebruik word as 'n sousie wat oor die pap gegooi word nie?
- Die eintlike saak is dié van die **eie ek**.

Daarna word dit meer toegespits:

- Die man praat teen die heilige plek en teen die wet.

Vraag:

Was die meer omlynde getuie nis omdat hulle beter voorgesê was?

Voor die reg van die Here sal hierdie klag nie veel water dra nie,

- want die inhoud mis die eer van God heeltemal.
- Dit mis ook die welsyn van die kerk (gelowiges).

Maar vir die Jode was hierdie saak die ernstigste sonde wat 'n Jood kon doen – omdat hulle godsdiens heeltemal veruiterlik het!!

NB: Dis 'n gevaar vir alle tye! Ook vir ons!!

- Die sonde teen die tempel en die wet was vir die Jode 'n doodsonde.
- Daarom eis hulle sonder enige genade die doodstraf.

Vers 14

Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander. (Handelinge 6:14 AFR53)

Uiteraard sal so 'n swaar klag – ter wille van die wet en die eis vir die doodstraf – goed gemotiveer moet word. Die getuies moet dus nadere toeligting gee oor wat hulle gehoor het.

- Die Heilige Gees laat die getuie nis neerskryf sodat die Kerk in die toekoms kan weet dat die satan en sy magte die Woord van God en ook die woorde van sy getuies baie kunstig gaan verdraai!

Wat is die waarheid? Die Here Jesus het vir Kajafas gesê:

Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. (Matteus 26:64 AFR53)

- Hierdie mense se oordeel het dus toe al begin!
- Dis wat die Here Jesus aankondig!
- Die verskriklike ellende is dat hulle dit nie (wil) besef nie.

Die Jode het gedink dat hulle net twee dinge nodig het om as volk van God gewaarmerk te wees:

- Die feit dat Abraham se bloed in hulle are loop.
- Die tweede ding is hulle band met die tempel en die seremonies wat daaraan verbind is.

Dit was vir hulle heeltemal genoeg vir hulle godsdiens.

Wat het die Here self hiervan gedink?

Hulle antwoorde sê vir Hom: Ons vader is Abraham. Jesus sê vir hulle: As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen; (Johannes 8:39 AFR53)

Lukas het in sy navorsing reeds in sy eerste boek neergeskryf wat die skare die Here Jesus hieroor hoor sê het:

Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julle self begin sê: Ons het Abrahamas vader nie; want ek sê vir julle dat God maghet om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek. (Lukas 3:8 AFR53)

Matteus is ook deur die Heilige Gees gelei om dieselfde ding neer te pen:

En moenie dink om by julle self te sê: ons het Abrahamas vader nie; want ek sê vir julle dat God maghet om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek. (Matteus 3:9 AFR53)

Van die tempel sê die Here die volgende:

En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie. (Matteus 24:2 AFR53)

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. (Galasiërs 3:7 AFR53)

Stefanus het hom teen hulle verdedig deur die Ou Testament self aan te haal – weereens sonder dat hulle dit agtergekom het!

Maar die Allerhoogstewoonnie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profete sê: (Handelinge 7:48 AFR53)

Natuurlik haal hy Salomo se woorde aan toe die tempel in gebruik geneem is:

Maar sou God werklik op die aardewoon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het. (1 Konings 8:27 AFR53)

Dit was natuurlik laster wat deur die getuies kwytgeraak is toe hulle getuig het dat **Jesus die Nasarener**, volgens Stefanus se getuie, **hierdie plek** sal afbreek.

Dit was dieselfde klag waarmee hulle die Here Jesus tot die dood wou veroordeel.

Maar oplaaskom daartwee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou. (Matteus 26:61 AFR53)

Wat het hulle nie gesien nie?

- Die eerste is dat die Here Jesus na sy eie liggaam verwys het wat hulle sou kruisig, maar wat op die derde dag weer uit die dood sou opstaan.
- Wat hulle ook misgekyk het, was dat dit hulleself was wat die tempel wat in Jerusalem gestaan het in sy ware betekenis afgebreek het.
 - Hulle het van die tempel 'n markplein en 'n besigheidsentrum gemaak deur
 - geldwisselaars (bankwese) daar te vestig
 - en allerhande diere (beeste en duiwe) daar te smous
 - Alles onder die vaandel daarvan dat dit die offers en aanbidding van die volk vergemaklik.

Stefanus het nie gereageer teen Moses nie.

- Hy het wel gereageer teen die misbruik wat die rabbi's van Moses gemaak het.
- Hulle het allerhande vetergatsielige reëls en instellings gemaak en dan het hulle die goed verskuil agter die gesag van Moses.
- Inderdaad was dit niks van Moses nie – dit was hulle eie kleinsielige uitdinksels.

Maar te vergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat geboei van mense is. (Matteus 15:9 AFR53)

Stefanus se leer was dieselfde as dié van die Here Jesus Christus. Die Here het die volgende dinge geleer:

Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te

vervul. (Matteus 5:17 AFR53)

Julle het gehoord dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaannie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. (Matteus 5:21 AFR53)

Julle het gehoord dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreeknie. (Matteus 5:27 AFR53)

Verder het julle gehoord dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweernie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. (Matteus 5:33 AFR53)

Die getuies se getuienis was dus suiwer leuens.

- Die ironiese waarheid was dat Stefanus juis in Moses se naam voor die Sanhedrin gestaan het!
- Wat die Here Jesus gesê het, word waar:

Moenie dink dat Ek julle by die Vaders sal beskuldignie. Daar is een wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehooft het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. (Johannes 5:45-46 AFR53)

Vers 15

En terwyl almal wat in die Raadsit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was. (Handelinge 6:15 AFR53)

Stefanus het die valse getuies se getuienis gestaan en beluister sonder dat hy 'n enkele woord gesê het.

Almal in die raadsaal het stip na hom gekyk. Almal het iets aan hom gesien wat treffend was:

... sy gesig soos die gesig van 'n engel was

Wat het daar gebeur?

- Niemand weet nie.
- Miskien het Stefanus self nie eers daarvan geweet nie.

Dit is 'n wonder – wat ook nie erken word nie.

Wat wel duidelik is, is dat die Heilige Gees hiermee 'n duidelike verskil openbaar tussen iemand wat die waarheid in hom het en mense wat die leuen in hulle rond dra.

In elk geval laat die beskrywing van Stefanus se gesig ons dink aan wat met die Here gebeur het toe Hy verheerlik is:

En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. (Matteus 17:2 AFR53)

Dit het Moses ook oorgekom – terwyl Moses se naam in die verhoor van Stefanus ter sprake was.

En toe Aäron en al die kinders van Israel Mosessien, het die vel van sy gesig geblink! Daarom was hulle bevrees om naby hom te kom. (Eksodus 34:30 AFR53)

Die Sanhedrin onthou dit nie en sien ook nie die ooreenkoms nie.

Wat waarskynlik gebeur het, was dat dit wat hulle aan Stefanus gesien het, die innerlike lig van sy geloof en sy vrede met die Here was.

Sien kerkmense altyd die regte ding op die regte manier? Nee!

Die klomp raadslede het Stefanus gesien as die engel van die dood! Al het sy gesig die valsheid van hulle self en hulle gehoorde getuies weerspreek, het hulle dit verkeerd vertolk want hulle wou nie die waarheid weet nie.

Vraag?

Is daar vandag nog sulke inspelingsop ware gelowiges?

God die Heilige Gees sê die volgende:

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is. (2 Korintiërs 3:18 AFR53)